**SAWA Zuurfontein Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Redaksie | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |

# SAWA ZUURKLONTJIE – Augustus 2013

**Inspirasie vir die maand:**

"*Sometimes you never know the value of a moment until it becomes a memory*" – Dr Seuss

## ZUURKLONTJIE HOOGTEPUNTE VIR Augustus 2013


**Kamp Nuus:** Vorige Kamp – Bush 'n Buck (AJV – Augustus 2013)
Kamp Boetes en Sterretjies
Kamp Foto's
Kamp Kalender - Kampe vir 2013 - Voorlopige Kamp beplanning vir 2014

**Lede Nuus:** Lief en Leed
Verjaarsdae
Bank Besonderhede

**Algemeen:** Zuurklontjie Maandelikse Nuusbrief
Inkopie hoekie
Fondsinsameling
Uitstaande Kamp Plaatjies


## KAMP NUUS

### Vorige Kamp – Bush 'n Buck (AJV – Augustus 2013)

*Baie dankie aan al die lede wat die AJV kamp bygewoon het*


- Die naweek het afgeskop met heerlike kamp-vuur-kuier in die grondpad, gevolg deur paar reëndruppels.
- Ons was bevoorreg om vermaak te word deur ons kampgaste JJ Uys en seun saam ons eie Darien se goue stemme. Verseker iets besonders, baie dankie julle.
- Die nuwe Bestuur is aangewys. Baie geluk en dankie aan elkeen wat hiertoe bygedra het
- Die AJV het vlot verloop. Dankie aan elke lid wat deel gemaak het van Zuurfontein se sukses.

**Besprekings by afsluiting**:

- Sondag tydens boekevat sal daar 'kampkollekte' opgeneem word. Die fondse sal dan een maal per jaar geskenk word aan 'n liefdadigheid van ons keuse.
- Kampkeuses vir 2014 sal uitgestuur word, laat julle stemme tel

### Kamp Boetes & Sterretjies

*Dankie vir elke lid se 'stoute' en 'soet' lid wat bydrae maak aan Zuurfontein se fondsinsameling.*
*'n verandering in die boete-stelsel sal op die volgende kamp deurgegee word*






- Pierre – Ongeselligheid Saterdag Aand (stilte voor die storm?)
- Koenraad –broodpot geleen en teruggegee sonder om dit te was
- Alet – suiker in bed skoonmaak van stuitige jong kampers (nie-lede)
- Ryna – Piet moes 'n nuwe opblaasmatras gaan aankoop
- Piet –proppie van die opblaasmatras nie styf genoeg toe gemaak het nie
- Hekkie –elke aand na 12 in die pad gekuier het
- Pierre –staanplek # 8 vinnig gaan inlig het dat Willem die raasbek is en nie hy nie
- Pierre – Dames Hi-Tea "stripper"
- Paul – aanstekende lag
- Carel – Drank op bed vergeet en bottel Pink Lips laat breek, Isstel moes karavaan vloer skrop
- Mariette – amper hartaanval aan Pierre besorg, vat haar stoel en stap weg nadat Pierre gek geskeer het
- Corrie – waarsku potensiele lede teen Zuurfonteiners se mannewales
- Piet & Mandy – saam die nuwe opblaas matras gaan 'toets' het
- Hein – oor vuur geloop saterdag aand
- Anita –gaan lê op die bed om te leer en eintlik slaap met die boek mooitjies op haar bors.
- ***STER***: Johan – aangewys as beste paal-danser ooit!
- ***STER***: Paola – Elize se skottelgoed gewas

### Kamp Foto's




- Sluit gerus aan by ons Zuurfontein Groep Blad op Facebook.
- Alle kamp-foto's van lede wat kampe bywoon kan op die groep-blad geplaas word.
- Die foto's van Dube en Bush 'n Buck is reeds geplaas.
- Van die Dube foto's is ook op SAWA Rietfontein se nuusblad hierdie maand te sien.

***SAWA Zuurfontein Bestuur:***

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Redaksie | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |

## Kamp Kalender

### Kampe vir 2013

*Kampe moet asb vroegtydig by **Isstel** bespreek word op cbroekman@vodamail.co.za.*
*Betalings moet asseblief gemaak word op bespreking om plek te verseker*



- **Weesgerus (Langnaweek) 20-24 September 2013**
  - GPS: 25º45'46.2"S / 27º29'26.8"E
  - Ons is reeds volbespreek, maar sal plan sien indien mense bereid is om te deel.
  - Koste beloop R1180 per staanplek vir 4 persone
  - Die bespreking per staanplek sluit 4 mense in en 1 voertuig. Additionele voertuie beloop R50 per nag ekstra en ekstra persone beloop R50 per persoon per nag, met 'n maksimum van 6 mense per staanplek.
  - **Weesgerus naweek reelings:**
    - **Vrydag aand**: Aankoms en opslaan
    - **Saterdag Oggend** @ 09h00 Boekevat
    - **Sondag Oggend** @ 09h30 Boekevat
    - **Sondag middag** – Pannekoek @ R3 elk deur ons bo-baas kokke Ernie, Hannes en laastens maar nie die minste nie, ons EIE en beroemde 'Naked Chef' in lewende lywe....Koenraad
    - **Maandag** – **DAAR IS HEELWAT LEDE WAT MOET TERUGRY OM TE GAAN WERK, KONTAK ASB VIR ANITA BY 082 857 6657 OM 'n SAAMRY GELEENTHEID TE BESPREEK EN SODOENDE KOSTES EN TOLFOOIE TE VERLIG.**
    - **Maandag aand** – Gesamentlike braai, pap en sous sal voorsien word, elkeen word gevra om 'n bykos te bring om te deel.
- **Klein Paradys (Kerskamp) 25 – 27 Oktober 2013**
  - Lede moet asseblief spoedig moontlik laat weet vir bespreking, daar is slegs 10 - 15 staanplekke beskikbaar.
  - Verkiesing van Kamp Kommedante word gevra
  - Koste beloop +/- R570 per staanplek vir 4 persone
  - Die bestuur beplan iets opwindend vir die Kerskamp
  - Kersgeskenke sal uitgeruil word, meer besonderhede nader aan die tyd.
- **Klipdraai 29 November – 1 Desember 2013**
  - Daar is slegs 15 staanplekke beskikbaar.
  - Indien ons meer as 10 staanplekke bespreek, sal daar 'n spesiale tarief beskikbaar wees aan lede.
  - Huidiglik is die kostes R520 vir 4 persone.

### Voorlopige Kamp beplanning vir 2014

*Baie Dankie aan al die lede wat hulle keuses ingedien het. Die kamp verkiesing is afgehandel vir 2014. Die voorlopige besprekings vir 2014 is gemaak, ons wag vir bevestigings en sal onderhewig wees aan verandering. Die oorde se tariewe het ongeveer **10-15%** verhoog.*




| Maand | Oord | Datums | Dorp, +/- afstand & Tolhek fooie vanaf Kempton Park | Beraamde Koste vir naweek +/- |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | Maroela | 24 – 26 Jan '14 | Bela-Bela, 155km, R50 | Sal bevestig |
| Februarie | Hartbeeshoek | 14 – 16 Feb '14 | Brits, 130km, R21 | R600 |
| Maart | Sondela | 20 – 23 Mrt '14 | Bela-Bela, 145km, R50 | R1,480 (Lang naweek) |
| April | Bass Lake | 30 Apr – 4 Mei '14 | Pretoria, 100km, R10 | R1,800 (Lang naweek) |
| Mei | Buffelspoort | Sal bevestig | Hartbeespoort, 120km, R33 | Sal bevestig |
| Junie | Silver Rocks | 13 – 16 Jun '14 | Nylstroom, 155km, R60 | R790 |
| Julie | Geheime Kamp | 25 – 27 Jul '14 | Brits, 130km. R21 | Sal bevestig |
| Augustus | Bosfontein | 22 – 24 Aug '14 | Bela-Bela, 159km, R50 | R600 |
| September | Klipdraai | 19 – 24 Sept '14 | Meyerton, 80km, R0 | R1,600 (Lang naweek) |
| Oktober | Klein Paradys | 24 – 26 Okt ' 14 | Brits, 120km, R21 | R660 |
| November | Barham Bay | 21 – 23 Nov '14 | Witbank, 125km, R0 | Sal bevestig |

**SAWA Zuurfontein Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Redaksie | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |

## LEDE NUUS

### Lief en Leed

*Laat asb 'n lid van bestuur weet van enige Lief & Leed – Ons dra hierdie maand se lief en leef op aan die volgende lede:*



- **Flip & Leana Cloete** - Klein Lea sterk goed aan. Ons wens hulle alle sterkte toe met hulle besoek aan die Harthospitaal in Kaapstad en hoop om goeie nuus te ontvang. Ons gebede bly voortdurend by julle.
- **Alet Small –** Ons dink aan Alet wat nog aansterk na haar siekte en deurlopende behandeling
- **Ouma Westcott –** Dit gaan goed met Oumatjie en was weereens 'n vreugde om haar op kamp saam te sien.
- **Anita –** Sterkte met die eksamens wat voorlê, alle suskses
- **Willem & Hester –** Beste wense vir julle opkomende huweliksbevestiging in September 2013, ons wens hulle jare van geluk saam.
- **Isstel –** sterkte met die klein prosedure wat gedoen word volgende week
- **Koenraad –** sterkte met die toetse later die week, ons dink aan jou!

### Verjaarsdae – Augustus & September 2013

*Hartlike verjaarsdag wense aan die volgende lede*




- Mark Denby – 16 Augustus
- Hanu Small – 1 September
- Bob Vaughan – 29 September

*Ons sal binnekort 'n ledelys omstuur om al die besonderhede weer op datum te bring, laat ons asseblief weet indien ons enige iemand per abuis uitgelaat het.*

### Bank Besonderhede

*Alle kampgelde moet asb verkieslik per internet oorbetaal word*



- Gebruik asb u naam en van as verwysing met alle inbetalings
- Stuur bewys van betalings na Anita Kruger per e-pos na Anita@Oreport.com
- Betalings moet asseblief gemaak word na

  **SAWA Zuurfontein**
  **ABSA Bank**
  **Rekening # 260174738**
  **Takkode - 632005**

## ALGEMEEN

### Zuurklontjie Maandelikse Nuusbrief



- Die Zuurklontjie is 'n maandelikse nuusbrief om lede deurentyd bewus te maak van gebeurtenisse in ons Streek asook die Gebied.
- Indien daar enige nuus is wat lede graag wil sien op die maandelikse Zuurklontjie, kontak asb vir Hannes by HRoets@osborn.co.za of Isstel by cbroekman@vodamail.co.za teen die einde van die eerste week van elke maand.

### Inkopie hoekie



- Ons is tans besig om 'n nuwe reeks hemde, baadjies, keppies ens. te ondersoek.
- Hou die spasie dop...... ☺

### Fondsinsameling



- Die lootjie-verkope vir die HD PVR word hervat.
- Die sluitingsdatum is verskuif na **27 Oktober 2013**
- Die koste per loodjie beloop @ R20.
- Vir die wat nie die lys gekry het nie, heg ons dit hierby aan.
- Elke poging vir fondsinsameling word opreg waardeer.

### Uitstaande Kamp Plaatjies



- Indien daar nog lede is wat nie van die kamp plaatjies ontvang het nie, moet asseblief met Alet by admin@tilemagic.co.za in kontak kom sodat ons die agterstallige plaatjies kan afhandel.

KAMP GROETE